# DIE PLEK VAN DIE GEMEENTE IN DIE PRESBITERIALE KERKREGERING

Ds. J.J. van der Walt (B.A., BD)

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad Th.D. aan die
P.U. vir C.H.O., Potchefstroom

Kimberley
Augustus 1970

INHOUD


I. INLEIDING.

II. PRINSIPIËLE ORIËNTERING EN BEGRIPSBEPALING.

(a) Gemeente.

(i) Gemeente en kerk.
(ii) Gemeente dui 'n eenheid van gelowiges aan.
(iii) Die gemeente is 'n organiese eenheid.

(b) Presbiteriaal.

(i) *Presbiteros* en *Episkopos*.
(ii) *Presbiteros* en *Presbiterium*.
(iii) *Presbiterium* en Koninklike Priesterdom.

(c) Kerkregering.

(i) Kerkregering 'n bediening aan die gemeente.
(ii) Kerkregering gebonde aan die belydenis van die gemeente.

III. DIE PLEK VAN DIE GEMEENTE IN DIE PRAKTYK VAN DIE PRESBITERIALE KERKREGERING.

(a) Die gemeente en die aanwysing van ampsdraers.

(i) Die roeping.
(ii) Die verkiesing.
(iii) Die bevestiging.

(b) Die gemeente en die kerkraadsvergadering.

(i) „Regeer" en „regeer word".
(ii) Die gemeente en die kerkraadsvergadering.
(iii) Die kerkraad en die gemeentevergadering.

(c) Die gemeente en die uitoefening van die tug.

(i) Die gemeente en die toesig oor die sakramente.
(ii) Die gemeente en die onderlinge broederlike tug.
(iii) Die gemeente en die dissiplinêre tugoefening.

IV. SLOT.

## I. INLEIDING

Omdat die gemeente die liggaam van Christus is, lê daar 'n span= ning in die gebruiklike uitdrukking „kerkraad en gemeente". Dit mag slegs dien as 'n onderskeiding van 'n deel en die organiese geheel. Sodra dit 'n skeiding aandui tussen deel en geheel, verval die presbiteriale kerkregering in 'n dwaalweg.

Wanneer in die skeiding van kerkraad en gemeente, die gemeente ondergeskik aan die kerkraad geplaas word, dan tree in die presbiteriale kerkregering 'n hiërargiese tendens na vore. Word die kerkraad teenoor die gemeente in 'n ondergeskikte posisie geplaas, dan tree in die presbiteriale kerkregering 'n inde= pendentistiese tendens na vore. As kerkraad en gemeente geskei word, kan die spanning ook nie opgelos word deur hulle gelyk in mag te stel nie, want „as die mag van die gemeente op een lyn lê met dié van die ampsdraers, ontstaan die situasie dat twee instansies wat met dieselfde mag beklee is, gedurig teenoor me= kaar staan, en dat dan die een, en dan die ander die botoon voer".[1)]

Nadat Eduard Schweizer[2)] die konklusie getrek het dat in die kerk „only one single authority - that of Jesus Christ Himself - ... only a Christocracy" is, verklaar hy: „... however, this tells us nothing about the Church's order and authority, because the question is in what way this rule of Christ is carried out in the Church. Does the Lord speak through one single office-bearer, through a governing body, through the church meeting?".

---

1. Van der Linde, G.P.L. : Die Grondbeginsels van die Presbi= teriale Kerkregeringstelsel; Pro Rege-Pers, Potchefstroom (1965), p. 91.

2. Schweizer, Eduard: The Church Order in the New Testament; S.C.M. Press, Chatham (1961), uit Duits vertaal deur Frank Clarke, p. 190.

Die aktualiteit van die probleem is ingesien deur Martin Monsma:[3)]
„... there is a lack of clarity as to the proper place for our congregational meetings in our Reformed church-governmental system, and there is uncertainty as to the proper functioning of our con= gregational meetings".

Daarom is 'n studie oor die plek van die gemeente in die pres= biteriale kerkregering geregverdig.

## II. PRINSIPIËLE ORIËNTERING EN BEGRIPSBEPALING

Die gemeente moet sy plek in die presbiteriale kerkregering uit= eindelik in 'n ordelike daad vind. Voordat dit nader bepaal kan word, moet ons eers kom tot 'n prinsipiële oriëntering en tot begripsbepaling.

### (a) Gemeente.

#### (i) „Gemeente" en „kerk".

Ons spreek van „gemeente" en „kerk-regering". Daarom moet eerstens oor die gebruik van die twee woorde „gemeente" en „kerk" duidelik= heid verkry word.

Die „Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika"[4)] gebruik die woorde „gemeente" en „kerk" om die gelowiges aan te dui soos hulle in die plaaslike kerk georganiseer is. In die „Motivering by (die) revisie van (die) Kerkorde"[5)] word verklaar dat „gemeente" in sommige artikels met „kerk" vervang is, want „dit bring die institu= têre betekenis meer na vore". Artikels 4 en 5 kan as voorbeelde van

---

3. Monsma, Martin : The Congregational Meeting; Baker Book House, Grand Rapids (1958), p. 9.
4. Handelinge van die vyf-en-dertigste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in S.A. (1964), p. 53.
5. Idem, p. 67.

die nuansering in betekenis dien: „kerk" word gebruik om die geïnstitueerde eenheid aan te dui, en „gemeente" word gebruik wanneer die vergadering van gelowiges in die erediens bedoel word. Hierdie onderskeiding sluit by Kuyper[6)] aan. Hy het onderskei tussen kerk as „kerkelijk instituut", en „gemeente" as „de schare geloovigen, die in het kerkgebouw saamkomen". Hy word tot die onderskeiding gebring „omdat het woord[7)] door den staat is geusurpeerd".

Die Nuwe Testament ken egter nie hierdie onderskeiding nie, en gebruik net die één woord *ekklêsia*, wat in Hand. 19:39 nog bete=ken „wettige volksvergadering", maar deurgaans in die Skrif 'n religieuse karakter[8)] het en met „gemeente" vertaal word. In die woord gemeente sit die gedagte van 'n „offisiële oproeping .... wanneer so 'n volksvergadering moes byeenkom om een of ander be=slissing te neem".[9)] In sy religieuse betekenis dui die woord dus die gemeente aan wat in die erediens saamgeroep is.[10)] Maar net sowel dui *ekklêsia* die gemeente aan as „'n organisasie wat bestaan afgesien van die kultus".[11)] Daarom konkludeer prof. Snyman: „Dat ekklêsia uitsluitend sou gebruik word vir die same=koms (d.w.s. erediens) is onjuis, en nie in ooreenstemming met die gebruik van die woord in die Nuwe Testament nie".[12)] „Gemeen=te" dui dus ook die plaaslik georganiseerde gemeenskap van die gelowiges aan wat fungeer, al is dit nie in die erediens nie.

„Kerk" het taalkundig 'n ander oorsprong, nl. *to kuriakon*, waarmee oorspronklik die plek van samekoms as eiendom van die Here aange=dui was. Maar die leë gebou het op homself nie betekenis gehad nie. Dit „openbaarde zich dan eers als *to kuriakon*, wanneer de

---

6. Kuyper, A. : Dictaten dogmatiek; Locus de Ecclesia, Kok, Kampen (1910), p. 10.
7. d.i. „gemeente".
8. Honig, A.G. : Handboek van de Gereformeerd Dogmatiek; Kok, Kampen (1938), p. 685.
9. Snyman, W.J. : Die gebruik van die woord „kerk" in die Nuwe Testament; Potchefstroom (1949), p. 1.
10. Idem, p. 4.
11. Idem, p. 5.
12. Idem.

gemeente vergaderd was".[13] Gevolglik is die woord op die gemeen=te self oorgedra. Volgens sy oorsprong sien „kerk" dus meer op die gemeente in die kerkgebou, vir of in die erediens vergader.

Aangesien die gebruik van „gemeente" vir die gelowiges in die ere=diens die oorspronklike betekenis te veel vereng, terwyl die ge=bruik van „kerk" vir die meer „institutêre betekenis" die oor=spronklike betekenis van die woord te veel uit die oog verloor, kan ons die nuansering in die betekenis van die woorde nie aanvaar nie.

In ooreenstemming met die nuwe Kerkorde wat die Nederlandse Hervormde Kerk in 1950 aanvaar het, tref prof. Haitjema[14] onder=skeid tussen „kerk" en „gemeente", terwyl hy verklaar daar lê „in het woordgebruik van onze Kerkorde duidelijk de tendens met het woord ‚Kerk' in de richting van de ecclesia universalis, de algemeene Kerk, te wijzen; en met het woord ‚gemeente' in de richting van de ecclesia localis, de plaatselijke gemeente".

Op grond van die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord, *ekklê sia* moet ons ook hierdie onderskeiding verwerp. Die Nuwe Testa=ment gebruik een en dieselfde woord, *ekklêsia*, „107 keer .... bepaald vir die Nuwe Testamentiese Kerk ....: 91 keer .... vir die plaaslike gemeente en 16 keer vir die kerk in sy groot ge=heel",[15] en dit selfs sonder enige nadere aanduiding met die byvoeglike naamwoorde „algemene" of „plaaslike".

Daarom handhaaf ons „gemeente" en „kerk" as sinonieme vertalings van die nuwe testamentiese woord *ekklêsia*.

---

13. Kuyper, A. : a.w., p. 4,5.
14. Haitjema, Th. L. : Nederlands Hervormd Kerkrecht; C.F. Callenbach, Nijkerk (1951), p. 124 e.v.
15. Snyman, W.J. : a.w., p. 2.

ii. Gemeente dui 'n eenheid van gelowiges aan.

In die „Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk"[16] word gestel dat dié Kerk „bestaat uit al de Hervormde gemeenten". „Kerk" word hier gebruik as benaming vir die samevatting van 'n aantal gemeentes. Ons kry dus naas die *ecclesia universalis* en die *ecclesia localis* nog 'n derde kerkbegrip wat 'n groep gemeentes aandui. Die gedagte kom ook voor by Keet: „.... dit is .... die plaaslike gemeentes wat gesamentlik 'n nasionale of territoriale kerk tot stand bring".[16a]

Hand. 9:31 - „En die gemeentes deur die hele Judéa en Galiléa en Samaría het vrede gehad" - is die skynbaar enigste uitsondering. Die beste handskrifte het hier nie soos die <u>Textus Receptus</u> „gemeentes" (meervoud) maar enkelvoud.[17] Die enkelvoud is selfs deur Bavinck[18] so verstaan dat „al de gemeenten van Judéa, Galilea, Samaria onder dien éenen naam van ekklêsia in singulari saamgevat" word. Maar Snyman[19] het duidelik aangetoon dat die „ekklêsia deur die hele Judéa en Galiléa en Samaria" inderdaad die universele kerk was, want in Hand. 9 was die kerk nog nie verder verbrei nie.

Teenoor die derde kerkbegrip, wat gemeentes omvat, moet ons die Nuwe Testamentiese kerkbegrip stel: eerstens beteken kerk altyd 'n vergadering van gelowiges, maar nooit word kerk gebruik om gelowiges in een besondere land of wêrelddeel aan te dui nie;[20] tweedens beteken kerk nooit 'n samevatting van gemeentes in pro=vinsiale, nasionale, denominasionele of selfs universele sin nie.[21]

---

16. Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk; losbandige uitgawe, Boekencentrum, 's Gravenhage (1959), art. 1.
16a. Keet, B.B. : Orde in die Kerk; N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad (1963), p. 36.
17. Snyman, W.J. : a.w., p. 2.
18. Bavinck, H. : Gereformeerde dogmatiek; tweede herziene en vermeerderde druk, deel II, Kok, Kampen (1911), p. 301.
19. Snyman, W.J. : a.w., p. 3.
20. Idem, p. 2.
21. Idem, p. 6.

*Ekklêsia* dui in die Nuwe Testament wel die vergadering van gelo=wiges op 'n bepaalde plek aan. Daarom word gemeente telkens ver=bind aan 'n pleknaam bv.: die gemeente in Jerusalem (Hand. 5:11; 8:1; 11:22 e.a. p.); die gemeente van Antiochië (Hand. 11:26; 13:1 e.a. p.); die gemeente van Cesaréa (Hand. 18:22); die gemeente van Efese (Hand. 20:17).

Wanneer die Nuwe Testament die gemeentes in 'n bepaalde gebied saamvat, word die meervoud van *ekklêsia* konsekwent gebruik, bv. van Galasië (I Kor. 16:1; Gal. 1:2), van Asië (I Kor. 16:19), van Masedonië (2 Kor. 8:1), van Judéa (Gal. 1:22), van Sirië en Celisië (Hand. 15:47).

*Ekklêsia* dui in die Nuwe Testament ook die gelowiges in univer=sele sin aan. Maar dan nie as 'n denominasionele onderskeiding van kerke om 'n kerkgroep aan te dui as „openbaring van de ene heilige katholieke of algemene Christelijke Kerk"[22] nie. Prof. Snyman toon aan hoe Paulus dit juis sorgvuldig vermy: „Die Heiden-Christelike Kerk is ‚al die kerke onder die heidene', Rom. 16:4 en die Joods-Christelike Kerk is ‚die kerke van Judéa wat in Christus is', Gal. 1:22, I Thess. 2:14".[23]

Ons kan dus konkludeer dat die begrip „gemeente" (of „kerk") die eenheid van gelowiges, plaaslik of universeel, aandui. Nou moet verder nagegaan word waarin hierdie eenheid van die gelowiges bestaan.

(iii) Die gemeente is 'n organiese eenheid.

In die Nuwe Testament word die kerk duidelik as 'n organiese eenheid geopenbaar: in Joh. 15 geskied dit met die organiese verhouding tussen „wynstok" en „lote"; in I Petr. 2:4,5 met die

---

22. Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk; a.w., art. 1.
23. Snyman, W.J.; a.w., p. 6.

beskrywing van die kerk as 'n „geestelike huis" wat uit „lewende stene" opgebou word in eenheid met „die lewende steen" Christus. Dieselfde gedagte van 'n lewende gebou word in Ef. 2:20-22 gevind. Grosheide verklaar[24)] in sy kommentaar by hierdie verse: „Paulus wil aangeven, dat er aan dit gebou, de kerk, juist omdat Christus haar hoeksteen is, een natuurlijke groeikracht is geschonken". Die duidelikste word die kerk as 'n organiese eenheid geopenbaar in die briewe van Paulus waar hy die kerk die „liggaam van Christus" noem (Rom. 12:4 en 5; I Kor. 12:12 e.v.;Ef. 1:22, 23; Kol. 1:18). Die kerk as „liggaam van Christus" is nie net in „een oneigenlijke, metaforiese betekenis"[25)] te verstaan nie. Die kerk het sy historiese aanvang in die vleeswording van Christus, toe Hy „in die gelykheid van die sondige vlees" (Rom. 8:3) gekom het sodat die gelowiges in Hom gekruisig (Rom. 6:6), gestorwe (Rom. 6:8), opgewek (Ef. 2:6; Rom. 6:5) en aan die regterhand van God (Ef. 2:6) is. Die kerk as liggaam van Christus is dus „die voortsetting op aarde van wat met die vleeswording van Christus begin is".[26)] In die kerk wat so tot stand gekom het, plant Christus Homself in deur sy Gees (Rom. 8:10), sodat die kerk 'n werklike geestelike liggaam is.

Die eerste nadruk in die „liggaam van Christus" val op die eenheid van die kerk. Die eenheid bestaan in Christus. En hierdie or= ganiese eenheid „van een lichaam draagt niet een samengesteld, mechanisch karakter. Een lichaam bestaat niet uit een aantal lede= maten die, nadat zij bij elkaar gevoegd zijn, een eenheid vormen. De eenheid is juist oorspronkelijk. Zij is meer dan de samenvoeg= ing der ledematen, zij is veeleer bepalend voor de rechte bestaan en de levensmogelijkheid der verskillende onderdelen".[27)] Dat die kerk die liggaam van Christus is, beteken dus dat die gelowiges nie

24. Grosheide, F.W. : Commentaar op het Nieuwe Testament: De Brief van Paulus aan de Efeziërs; Kok, Kampen (1960), p. 48.

25. Ridderbos, H. : Paulus; Kok, Kampen (1966), p. 419.

26. Snyman, W.J. : a.w., p. 8.

27. Ridderbos, H. : Artikel in Gereformeerd Weekblad 13.8.54.

elkeen met sy eie verhouding tot Christus eers afsonderlik bestaan om later tot 'n eenheid saamgevoeg te word nie. Die eenheid van die kerk bestaan in Christus, „want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus" (I Kor. 12:12). Die af=sonderlike lede word daarom „ingeënt" (Rom. 11:24), en moet met die liggaam „saamgroei" (Rom.6:5) en daarin „opgroei" (Ef. 4:15). Dit is van die grootste belang om die begrip „gemeente" reg te verstaan. Die Kerk kom nie tot stand deurdat mense hulle verenig deur onderlinge ooreenkoms, nadat hulle buite die kerk tot geloof gekom het nie. „Dis 'n organisme met die geheel voor die dele".[28] En in die organisme van die kerk word die organisme van die mens=heid behou, soos blyk uit Rom. 11:11 e.v. „Dit gaan in die versoen=ingswerk van Christus om die wêreld, om nasies, en nie bloot om enkelinge nie".[29] Israel is die „mak olyfboom" (Rom. 11:24), Christus is die „wortel" wat heilig is en heilig maak (Rom. 11: 16, 17), en die gelowiges word ingeënt (Rom. 11:24). So word die organisme van die mensheid in die gelowiges behou. Die ongelo=wiges is die takke wat „afgebreek" is (Rom. 11:17). Die kerk is dus nie 'n eie en aparte organisme, los van die mensheidsorganis=me nie, maar die liggaam van Christus is die behoue mensheids=organisme wat in Christus uitverkies is, en met wie Hy in sy vleeswording een liggaam geword het. Van die liggaam is Christus die Begin;[30] Hy is die Beginsel en die Oorsaak van die Kerk, terwyl die kerk uit Hom groei (Ef. 4:15). Die kerk „is 'n groei=ende organisme wat hom histories verwesenlik".[31]

Die kerk as die uitverkorenes in Christus is alleen sigbaar voor God, terwyl „het wezen van dit Corpus is zijn onzichtbare band aan Christus".[32] Die onsigbare word egter sigbaar in die geloof en die liefde van die lewende gelowiges wat deur die Heilige Gees in

---

28. Snyman, W.J. : a.w., p. 7.
29. Snyman, W.J. : Bybel met verklarende aantekeninge; Verenigde Protestantse Uitgewers, Kaapstad (1959); Romeine.
30. Kol. 1:18: Argê.
31. Snyman, W.J. : a.w., p. 8.
32. Richel, P.J. : Het Kerkbegrip van Calvyn; Utrecht (1942), p. 63.

hulle gewerk word. Daarom spreek Paulus van die liggaam van Christus as lewende mense: „ons almal" (Rom. 12:5) en „julle" (I Kor. 12:27). En die begrip liggaam van Christus word aan die sakramente van die nagmaal (I Kor. 10:16,17) en die doop (I Kor. 12:13) verbind. Daar is geen teenstelling tussen die sigbare kerk en die kerk as liggaam van Christus nie. Die liggaam van Christus is vir Paulus lewende mense wat in die *ekklêsia* saamge=roep is. Hierdie sigbare *ekklêsia* is egter geheel en al afhank=lik van die onsigbare verbondenheid met Christus. Die liggaam van Christus is die uitverkorenes in Christus wat sigbaar word in die gelowiges soos hulle deur die Heilige Gees in die sigbare kerk saamgeroep en georganiseer is.

Die organiese eenheid van die kerk as die liggaam van Christus beteken nie 'n verstarde eendersheid nie, maar juis verskeiden=heid in die eenheid, „want ook die liggaam is nie een lid nie maar baie" (I Kor. 12:14). Verskeidenheid in die eenheid is die wonderlike eiesoortigheid van die organisme: die liggaam het nie 'n selfstandige bestaan buite die lede nie, en die lede het buite die eenheid van die liggaam geen funksie of bestaan nie. Daarom kan die lede mekaar ook nie opsy skuif nie, maar in die eenheid van die liggaam is elke lid noodsaaklik, selfs die swak=ste (I Kor. 12:22), omdat God elkeen van die lede gestel het soos Hy gewil het (I Kor. 12:18). Ridderbos[33)] vat dit mooi saam: „Het lichaam bestaat en leeft in zijn leden, gelyk omge=keerd de leden alleen leven als ledematen van het lichaam en anders naar hun aard niet kunnen zijn".

Die vereenselwiging van die kerk en Christus[34)] kan nie anders verstaan word as dat dit sien op die algemene kerk nie. So is dit op alle plekke waar Paulus van die kerk as die liggaam van Christus spreek. Die één uitsondering is I Kor. 12:27, waar hy

---

33. Ridderbos, H. : Gereformeerd Weekblad, idem.

34. I Kor. 12:12; Vgl. Snyman, a.w., p. 6: „Om aan die kerk en aan Christus te behoort is nie twee aparte sake nie".

die gemeente van Korinthe as „julle" aanspreek: „maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik". Paulus het hom gerig tot die „gemeente .... in elke plek" (I Kor. 1:2), d.w.s. die plaaslike kerk. Die plaaslike kerk noem hy (vs. 27): *sooma Christou* Die gemeente „in elke plek" is nie die liggaam van Christus nie. Dit is alleen die kerk in universele sin, en word uitgedruk met die lidwoord by die predikaat.[35] Maar die plaaslike kerk in Korinthe is wel „liggaam van Christus" as „een organisme, dat Christus heeft gemaakt en dat Hij onderhoudt, dat al de trekken van een lichaam gelijk ze beschreven zijn, bezit en ze, wil het niet schuldig staan tegenover Christus, ook in de practijk moeten toonen".[36] Die kerk wat in Korinthe is, word nie omskrywe as 'n stuk (kwantitatief) van die algemene kerk nie, maar as 'n openbaring (kwalitatief) daarvan.[37] „Lede afsonder= lik" sien op die gemeentelede en nie op die gemeentes in verhou= ding tot die universele kerk nie.[38] Paulus spreek van die ge= lowiges op 'n plek, d.i. die plaaslike kerk, as openbaring van die universele kerk, en „dit is presies om dieselfde rede waarom die identiese woord (ecclesia) vir die geheel en vir sy dele ge= bruik word".[39]

Ons het reeds daarna verwys dat Christus die Beginsel is waaruit die kerk groei. In dié sin word Hy in Ef. 1:22,23 en Kol. 1:18 „die Hoof" van die kerk genoem. Maar daarmee saam gaan meteen sy posisie as Gesagshoof.[40] Hierdie liggaam ontvang lewe en heer= skappy uit sy Hoof „sodat Hy in alles die eerste kan wees" (Kol. 1:18). Organisme en organisasie staan nie teenoor mekaar nie. In die begrip liggaam word juis die harmonie van 'n georganiseerde

---

35. Snyman, W.J. : a.w., p. 7.
36. Grosheide, F.W. : a.w.; De Eerste Brief aan de Kerk te Korinthe, Kok, Kampen (1957), p. 334.
37. Idem, voetnoot 53.
38. Godet, F. : Kommentaar op Paulus se eerste brief aan de Corin= thiërs; uit het Frans vertaal door dr. G. Keizer, Kok, Kampen (1904).
39. Snyman, W.J. : Artikel in Die Kerkblad 20.7.66.
40. Schweizer, Eduard : a.w., p. 171 : „argê denotes being at the head, ruling".

verskeidenheid in 'n lewende eenheid uitgedruk.[41] En as Hoof is Christus ook van hierdie organisasie in die liggaam „die Begin" (Kol. 1:18). Ridderbos[42] verswak onnodig die organisme van die kerk wanneer hy verklaar dat die Hoofskap van Christus nie vanuit die een liggaam met baie lede verstaan moet word nie, maar „uit de structuren en verbanden der menselijke gemeenschap". Dit is waar,[43] maar dit weerspreek nie die feit dat Christus as orga= niese Hoof van die kerk óók Gesagshoof van die kerk is nie. Want as Hoof van die gemeente is „alle dinge onder sy voete onderwerp" en Hy is „bo alle dinge" Hoof van die gemeente „wat sy liggaam is" (Ef. 1:22,23). In die beeld van die gebou, waarvan „Jesus Christus self die hoeksteen is" (Ef. 2:20-22),[44] word dieselfde gedagte bevestig.[45] Die organisasie van die gemeente kom veral in die ampte tot uitdrukking. Christus het self die amp van die apostels ingestel, terwyl uit dié oorspronklike amp die ampte van diakens, ouderlinge en bedienaars van die Woord ontwikkel het. Daarom is dit vir ons van grondliggende belang „dat Christus en die apostels nie net stigters (grondleggers) van die kerk is nie, só dat hulle daar self bo en buite staan nie. Hulle vorm self deel van die Kerk".[46] So is ook die besondere ampte in die liggaam van die kerk ingestel om daar op 'n organiese wyse te werk (Ef. 4:11-16).

In die verhouding van Christus as die Hoof tot die kerk as sy liggaam geskied die kerkregering. „Hoof-liggaam wil hier sê: volksverband onder 'n Heerser".[47] So sluit die openbaring van die kerk as organisme aan by die koningskap van Christus en die kerk as die volk van God (Matt. 21:5; 28:18; I Petr. 2:1-10).

---

41. Vgl. Ef. 4:16 en Kol. 2:19.
42. Ridderbos, H. : Paulus;a.w., p. 426.
43. Vgl. Ef. 5:23.
44. Vgl. I Petr. 2:5.
45. Bouwman, H. : Gereformeerd Kerkrecht I; Kok, Kampen (1928), p. 91.
46. Snyman, W.J. : a.w., p. 10.
47. Idem, p. 9.

(b) Presbiteriaal.

(i) *Presbiteros* en *episkopos*.

Paulus laat die *presbuterous tês ekklêsias* (Hand. 20:17) uit Efese roep. En aan hulle sê hy dat die Heilige Gees hulle as *episkopous* (Hand. 20:28) aangestel het. Hierdie wisseling van naam kom nog voor in I Tim. 3:1,2; 4:14; 5:17-19. Bouwman[48] verwys ook na die eerste brief van Clemens aan die Korinthiërs wat verklaar dat aan die presbiters die amp van 'n *episkopos* nie ontneem mag word nie. Titus ontvang van Paulus die opdrag (Titus 1:5-9) om van stad tot stad presbiters (vs. 6) aan te stel, manne wat aan bepaalde vereistes moet voldoen, want die *episkopos* (vs. 7) moet onberispelik wees. In lyn met Calvyn[49] en Bouwman[50] kom Bronkhorst[51] tot die konklusie: „episkopoi en presbuteroi liggen niet al te ver uit elkaar; het zijn wisselende uitdrukkingen voor dezelfde categorie van personen, die in de eene kring by voorkeur als episkopoi, dus naar hun ampstaak, in het andere geval als presbuteroi, naar hun rang in de gemeente worden aangeduid".

*Episkopos* beteken opsiener, en dui in die Griekse stede 'n persoon in 'n amptelike bestuursfunksie aan. Ook in die Septuagint het die woord die betekenis van bestuurder en versorger (Rig. 9:28; Jes. 60:17). Die woord was in hierdie betekenis dus by die christelike gemeente bekend.

In die Griekse wêreld was die naam *presbiteros* ook bekend in die besondere betekenis van bestuurder of leidsman. Die Joodse gemeentes in die Diaspora het, soos in die verenigingslewe van die Grieke, onderskei tussen *presbuteroi* (oudstes) en *neooteroi* (jongeres).

---

48. Bouwman, H. : a.w., p. 100.
49. Calvyn, J. : Institusie of onderwijzing in de Christelijke Godsdienst; uit het Latyn vertaald door A. Sizoo, 3 dele, tweede druk, Delft, Boek IV, III, 8.
50. Bouwman, H. : a.w., p. 101.
51. Bronkhorst, A.J. : Schrift en Kerkorde; Boek en Handels=drukkerij, Den Haag (1947), p. 100.

*Presbiteros* en *episkopos* dui dieselfde persoon aan as 'n ampsdra= er wat in die gemeente gestel is deur die Heilige Gees. Aan die ouderlinge is die toesig en sorg in die gemeente toevertrou (Hand. 20:28). Daarom word aan die amp verbind[52] wat Paulus noem die „regeringe" (*kubernêsein* - 1 Kor. 12:28) en die „voorgangers" (*proïstamenoon* - Rom. 12:8; I Kor. 5:12). Wat „voorgangers" presies beteken, word duidelik uit I Tim. 5:17 waar gepraat word van die presbiters wat op die regte wyse voorgangers is (*kaloos proëstootes*). Dat dit te doen het met meer as voor= beeld-wees, en wel met die uitoefening van gesag, blyk uit I Tim. 3:4,5 en 12, waar die „goeie voorganger wees" nader verklaar word deur „sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou". Daarom word in die Afrikaanse Bybel tereg vertaal: „die ouder= linge wat goed regeer" (I Tim. 5:17). Op grond van die gegewens in Hand. 20:28, I Tim. 3:4,5, 5:17 en Titus 1:7-9 kan die taak van die ouderling soos volg opgesom word: om gesagvol leiding te gee aan, en te sorg vir die goeie gang van sake in die ge= meente; om die christelike leer voor te staan en te verdedig.

(ii) *Presbiteros* en *Presbiterium*.

In die regering van die ouderlinge gaan dit nie om individua= listiese optrede nie. Dit blyk duidelik uit I Tim. 4:14, waar Paulus skryf oor die handoplegging deur *tou presbuteriou*. Bronkhorst[53] vertaal met „raad der oudsten". In die presbite= riale kerkregering word die *presbiterium* genoem „kerkraad".

In I Tim. 4:14 word verwys na die kerkraad van die gemeente waar= in Timotheüs die ordening ontvang het, waarskynlik die gemeente waaruit Paulus hom as sy helper meegeneem het.[54] Die ouderling= amp word ook deurgaans in die Nuwe Testament aangetref in die

---

52. Biesterveld, P en Kuyper, H.H. : Kerkelijk Handboekje J.H. Bos, Kampen (1905); De Wezelsche Artikelen van 1568 IV, p. 16.

53. Bronkhorst, A.J. : a.w., p. 99.

54. Bouwman, H. : a.w., p. 89.

plaaslike kerk: in Hand. 11:30, waar hulle die gawes van die gemeente te Antiochië in ontvangs neem namens die gemeente te Jerusalem; in Hand. 15 en 21 is hulle direk verbonde aan Jeru= salem; in Hand. 20:17 is hulle verbonde aan die gemeente te Efese; in Hand. 14:23 is sprake van ouderlinge wat „in elke ge= meente" gekies is; en Paulus dra aan Titus op om „van stad tot stad" (Titus 1:5) ouderlinge aan te stel. Hieruit is dit duide= lik dat die ouderlinge 'n raad was in die plaaslike kerk.

(iii) *Presbiterium* en Koninklike Priesterdom.

Die verbinding van die ouderlingamp aan die plaaslike kerk is organies, want die plaaslike kerk is „liggaam van Christus" (I Kor. 12:27). Calvyn[55)] het teenoor die Roomse Kerk sterk nadruk gelê op die organiese verbinding van die ampte in die kerk op grond van Ef. 4:4-16. Hy verklaar dat Paulus daarmee aantoon dat die diens van mense wat God gebruik om sy kerk te bestuur, die vernaamste senuwee is waardeur die gelowiges in een liggaam saamgebind word. Bucer[56)] het „eerder nog dan Cal= vyn" met die gedagte van die kerk as organisme gewerk, en „daarin functioneert het ministerium Ecclesia,niet daarnaast of daarbuite of daarboven". Met hierdie skriftuurlike begrip van die plek van die ampte in die gemeente het Bucer die „bipolariteit" van Luther oorwin, want in Luther se „opvatting ligt het kerkelijk ambt in een voortdurende spanningsveld van die twee polen: goddelijke instelling én priesterschap der geloovigen".

Die organiese eenheid van die gelowiges met mekaar in die ge= meente bestaan ook daarin dat hulle die Heilige Gees ontvang het, sodat hulle „deur een Gees - soos die lede van een liggaam deur een siel - ewig lewe en geregeer word".[57)] Die Heilige Gees ver=

---

55. Inst. IV, III, 1,2, a.w.

56. Van't Spijker, W. : De Ambten by Martin Bucer: Kok, Kampen (1969), p. 433.

57. Heidelbergse Kategismus, antwoord 76.

bind nie net die gelowiges tot „een liggaam" (I Kor. 12:13; Ef. 4:3,4) nie, maar verbind ook die gelowiges aan Christus (Rom. 8:9; I Kor. 12:12) sodat hulle deel het aan sy salwing. In I Joh. 2:20 skrywe die apostel: „julle het die salwing van die Heilige ontvang en weet alles". „Die Heilige" is Christus wat die gelowiges met die Heilige Gees gesalf het (Hand. 2:33). En hierdie salwing „bly in julle" (I Joh. 2:27). Dit is die mondigheid van die Nuwe Testamentiese gelowige.

Wagenaar[58)] wys op die onmondigheid van die Ou Testamentiese gelowiges ná die goue kalf: „Wel lag ook oorspronklijk op het uitgeleide volk als zoodanig het gezag en de bevoegdheid tot den drievoudig dienst des Heeren, doch na de bondsbreuk door de oprichting van het gouden kalf, ontnam Jehova aan het volk Zijn koninklijke en priesterlijke rechten en stelde Hij een stand in van profeten, priesters en koningen, die tusschen God en het onmondige volk kwamen in te staan. 't Volk had tegenover de bijzondere ambtsdragers geen rechten onder het juk der mozaïsche bedeeling".

Aan hierdie onmondigheid van die gelowiges het Pinkster 'n einde gebring. Daar ontvang hulle die gawe van die Gees (Hand. 2:38).

Christus het wel in die Nuwe Testamentiese Kerk die amp van die apostels ingestel, en hulle gestel as fondament van die kerk, in rangorde die eerste (I Kor. 12:27,28). En hulle het die Heilige Gees, as grondleggers van die kerk, vóór Pinkster ontvang. Maar selfs hulle kom daarmee nie te staan bo of buite die kerk nie. Hulle vorm self deel van die kerk. Die amp staan nie meer tussen God en sy volk nie. Selfs die apostel sê: „oordeel self wat ek sê".[58a)] En elke ampsdraer in die plaaslike kerk vind in die arbeid van die apostels sy grens en is in alles gebonde aan die apostoliese woord.

---

58. Wagenaar, L.H. : Het ambt aller geloovigen; A. Jongbloed, Leeuwarden (ongedateerd), p. 29.

58a. I Kor. 10:15.

Die Nuwe Testamentiese gemeente is 'n mondige gemeente, „'n koninklike priesterdom .... om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het" (I Petr. 2:9). Hierdie salwing van die gelowiges noem ons: die amp van die gelowiges. Dit bestaan daarin „dat de geloovigen eensdeels voorkomen als onderdanen van Christus, doch anderzins ook in menig opzicht als verteenwoordigers van den Christus, en dat in deze kwali= teit wel ter dege ook van alle geloovigen officiën worden geeischt, krachtens een eigenaardig, door Christus gedelegeerde gezag dat duidelijk door Zijn Woord is omschreven; en waarbij zij niet uit eigen hoofde optreden, maar qua lidmaten der kerk, en uitoefenen de functies dier kerk, zoodoende als hare organen handelende met groot outoriteit".[59] Hierdie amp van die gelo= wige is die „oorspronklijke, eigenlijke en blijvende ambt" wat aan die „speciale ambten voorafgaat".[60]

Die gemeente as liggaam van Christus is 'n organiese eenheid waarin amp van die gelowiges en besondere ampte „opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in die liefde" (Ef. 4:15,16). Dit is dieselfde Gees wat in almal werk en deur wie Christus die kerk regeer as sy liggaam.

Daarom verval die teenoor-mekaar-stelling van die amp van die gelowige en die besondere amp in die organiese eenheid van die kerk. „De vraag, of de gemeente subject is dan wel object van de volmachten, die in haar midden door bepaalde personen worden bekleed, valt eigenlijk weg, zodra men de gemeente als het corpus Christi in het oog vat".[61]

---

59. Idem, p. 11.

60. Jansen, Joh. : De Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland; deel I : Van de Diensten, Nijverdal (1917), p. 654.

61. Ridderbos, H. : a.w., p. 525.

In die kerk as liggaam van Christus is die *presbiterium* die orgaan van die kerkregering. Daarom is die kerkregering presbiteriaal.

(c) Kerkregering.

Die wesenstrekke van die kerkregering is duidelik in die Skrif geopenbaar. In die kerkregering neem die handhawing van die Woord, as Koningswoord, deur die gesonde leer van die kerklike belydenis 'n fondamentele plek in. Die volledige grondpatroon van die Kerkregering staan al in Hand. 20 waar Paulus die ouder= linge van Efese toespreek. Dit word duideliker ontplooi in die Pastorale Briewe, en kom volledig ooreen met wat Petrus voorskryf (I Petr. 5).

(i) Kerkregering 'n bediening aan die gemeente.

Kerkregering word uitgeoefen deur die Koningswoord van Christus. As die Vleesgeworde Woord is Hy die Begin en die Hoof van sy kerk. En as Vleesgeworde Woord is Hy verheerlik aan die regterhand van die Vader. As verheerlikte Hoof van sy liggaam regeer Hy die liggaam deur sy Woord en Gees. Omdat kerkregering die Konings= woord is wat deur die Heilige Gees in die Kerk bevestig word, mag kerkregering „nimmer de heerschappij van een mens"[62] beteken nie, maar „altijd en overal en door ieder worde bedacht dat Christus alléén zeggenschap heeft in zijn kerk".[63] Kerkregering deur mense kan dus niks anders as dienswerk wees nie.[64] Petrus ver= maan die ouderlinge om oor die gemeente toesig te hou „nie as heersers oor die erfdeel nie" (I Petr. 5:3). Amptelike kerkrege= ring beteken om die koninklike heerskappy van Christus te bedien. Daarom word dit so nou en onlosmaaklik verbind aan die Woord en die gesonde leer.

Volgens Hand. 20:28 en I Petr. 5:2 is die ouderlinge in 'n amp van toesig gestel om die gemeente van God „te versorg" *(poimenein)*. Dit beteken om hulle met die Woord van God te leer en te lei.

---

62. Hovius, J., e.a. : Woord en Kerk; Kok, Kampen (1970), p. 92.
63. Idem.
64. Plomp, J. : Presbyteriaal - Episcopaal?; Kok, Kampen (1967), p. 13.

Wanneer dit in verband gebring word met die „manne wat verkeerde dinge praat" (Hand. 28:29,30) blyk dat die ouderlinge op die leer moet ag gee, en daaroor „waak" (vs. 31), wat in die gemeente ver= kondig word. Daarby beklemtoon I Petr. 5:3 dat hulle self aan die gemeente die voorbeeld van die ware leer moet stel wanneer hulle die kudde as herders versorg. Die ouderlinge het van die vroegste tyd af mede-toesig en oordeel oor die leer in die ge= meente gehad (Hand. 15). Dit word in die Pastorale Briewe beves= tig. 'n Ouderling moet *didaktikos* (I Tim. 3:2) wees. Nog dui= deliker is dit in Titus 1:7-9: „'n ouderling moet wees .... een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê". Die differensiëring van die ouderlingamp in I Tim. 5:17 - „veral die wat arbei in Woord en leer" - neem nie die handhawing van Woord en leer as wese van die kerkregering weg nie. Die ouderlinge het „niet slechts in administratieve of kerkordelijke, maar ook in geestelijke en zakelijke zin"[65] die leiding van die gemeente gehad.

Die noue verband tussen Woord, leer en kerkregering, beklemtoon die kerkregering as 'n *diakonia*. Dit is die Woord wat magtig is (Hand. 20:32) en nie die ouderlinge nie. Daarom is dit vir die wese van die kerkregering in die gemeente so volkome ter sake as Calvyn[66] dit noem die heerskappy van die Woord wat bedien word deur mense aan hulle gelykes en selfs aan hulle meerderes. „As God self vanuit die hemel sou spreek, sal sy woorde deur die ore en harte van almal eerbiedig ontvang word. Maar as een of ander mensie uit die stof opstaan en in die Naam van God spreek, dan be= toon ons eerbied vir die Here as ons ons graag deur sy dienaar laat leer, hoewel hy in geen opsig ons meerdere is nie. Hy leer ons om die skat te waardeer en nie op die draer daarvan te let nie. Almal wat hierdie orde en hierdie wyse van kerkregering wil vernietig, lê hulle toe op die ondergang van die kerk".[67] As *diakonia* is

65. Ridderbos, H. : a.w., p. 512.

66. Inst. IV, III, 1.

67. Duvenage, A. : Institusie, of onderwysing in die Christelike godsdiens. Opnuut in Afrikaans vertaal en verkort weergegee; Pro Rege-Pers, Potchefstroom (1967); p. 401.

kerkregering „tydelijke hulpdienst" om die gelowiges „tot den eeuwigen dienst der verheerlijking Gods"[68] op te bou, want die diens van die besondere amp is voltooi „wanneer die Opperherder verskyn" (I Petr. 5:4).

(ii) Kerkregering gebonde aan die belydenis van die gemeente.

Kerkregering is ook gehoorsaamheid aan die Koningswoord. Dit doen die Koning deur sy Gees. Dieselfde Gees wat die Woord ge= spreek het, is gestuur om die Woord te bevestig, terwyl Hy gebon= de bly aan die Woord wat Hy as waarheid in die Skrifte vasgelê het.[69] Die Gees bewerk die heerskappy van die Koningswoord deur die geloof in die sondaarshart te verwek (I Kor. 12:13). Die Gees lei die gemeente in die waarheid (Joh. 16:13) en ver= gader hulle in die eenheid van die ware geloof (Ef. 4:3-5). Ter wille van die eenheid in die ware geloof is die kerk geroepe tot belydenis (Rom. 10:10). Die kerk is op die belydenis van die waarheid gebou: teenoor die dwaalleer van „die mense" verg Christus van die dissipels belydenis (Matt. 16:5). So stel Christus self die karakter van die kerk vas. Die kerk is bely= denis-kerk, en word opgebou op die rots van die belyde geopen= baarde waarheid (Matt. 16:17). Hieraan hou Petrus vas wanneer hy skrywe „aan die vreemdelinge van die verstrooiing" (I Petr. 1:1) om hulle „soos lewende stene" te laat opbou „tot 'n geeste= like huis" (I Petr. 1:5), terwyl hulle geroepe is „om te verkon= dig die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot die wonderbare lig" (I Petr. 2:9). Daarom het die kerk van die vroegste tye af „een belydenis, een homologia in objectieve zin vastgelegd".[70] Vir die kerkregering is die belydenis „een gids, die ons leidt, de weg wijst, de gevaaren aantoont en ons waarskuwt voor de afgronden.[71]

---

68. Jansen, Joh. : a.w., p. 655.

69. Inst. IV, III, 3.

70. Polman, A.D.R. : Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis, vier dele; Wever, Franeker (s.j.),Deel I, p. 48.

71. Feenstra, J.G.: Onze Geloofsbelijdenis; 2de druk, Kok, Kampen (1947), p. 9.

Die belydenis is die geloofsbelydenis van die gemeente. Die gemeente is nie 'n onmondige skare van leke wat eenvoudig napraat wat die kerkraad vasstel en besluit nie. Hulle word deur die Gees gelei. Daarom word die belydenis vasgestel as 'n aktiwiteit van die organisme van die kerk en nie as 'n bevel van 'n bestuur bo of buite die kerk nie. In die calvinistiese reformasie, waar= deur die presbiteriale kerkregering tot bloei gekom het, het die kerke „geen poging aangewend om door middel van zorgvuldig uit= gebalanceerde formules een eenheid te scheppen en deze eenheid gestalte te geven in een formulier van eenheid"[72] nie. Maar „de confessie werd als formulier voor de kerkelijke eenheid erkend, omdat zij uitdrukking van het gemeenschappelijk geloof was".[73] Gevolglik kon die eerste sinode van die Nederlandse Gereformeerde kerke te Emden in 1571 dié simbool omhoog hef „tot ghetuyghnisse der onderlingher eendrachtigheid".[74]

Gebonde aan die belydenis as die gesonde leer van die kerk, is die kerkregering die handhawing van die belydenis. Dit is 'n „geestelike bestuurswyse",[75] as 'n middel om „die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer sy loop kan hê".[76] Selfs die tug in die kerkregering „dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar, en alles te onderhou in gehoorsaamheid aan God".[77]

Die band tussen die kerkregering en die belydenis van die gemeente maak dit 'n regering met beginsels en nie met reglemente nie. Daarom is die prebiteriale kerkregering na sy wesenlike aard koninklik ruim. Dit boet sy koninklike karakter in wanneer dit deformeer in 'n enge formalistiese bestuur met reglemente van orde.

---

72. Hovius, J. : Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerk= orde; Weissenbach Zoon, Sneek (1962), p. 12.
73. Schokking, H. : De Leertucht in de Gereformeerde Kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620, Amsterdam (1920), p. 184.
74. Biesterveld en Kuyper : a.w., p. 35.
75. N.G.B. art. 30.
76. Idem.
77. Idem, art. 32.

Vir die formalisme „is het slechts de vraag, wat in de artikelen[78] stond geskreven, en dat heeft dan alles, enkel daarom, eene ge=biedende macht".[79] Koninklike kerkregering is ruim in die hand=hawing van formele ordebepalings, maar „zeer stipt en zeer streng, dat de grondslag van het kerkelijk samenleven, d.i. de belijdenis, werd gehandhaafd".[80]

Koninklike kerkregering is kerkregering volgens die beginsels van God se Woord, vasgelê in die belydenis van die gemeente. So is Christus die Koning van die Kerk en menslike persone of menslike insettinge voer geen heerskappy nie. En die gemeente staan vas in die vryheid waarmee Christus hom vry gemaak het, en laat hom nie weer onder die juk van die diensbaarheid bring nie (Gal. 5:1).

Hiermee word die reg en die plig van die kerkraad om „sekere ordinansies in te stel tot instandhouding van die liggaam van die kerk", nie ontken nie.[81] Dit moet egter nie bestuursmagtig en gewetebindend op die gemeente afgedwing word nie, maar in medewerking met die mondige gemeente vasgestel word. Dit moet nie meer wees as wat nodig is om die opdragte van Christus uit te voer nie. En dit „moet nie afwyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie".[82]

In die kerkregering vind kerkraad en gemeente slegs dan hulle regte verhouding as die kerkregering tot uitdrukking bring dat Jesus Christus as Hoof die kerk as sy liggaam, in die volste direkte sin, deur sy Gees en Woord regeer.

---

78. d.w.s. van die Kerkorde.

79. Rutgers, F.L. : De Geldigheid van de oude Kerkenordeningen der Nederlandsche Gereformeerde Kerken; Amsterdam (1890), p. 38.

80. Idem, p. 41.

81. Vgl. I Kor. 14:40; N.G.B. art. 32.

82. N.G.B. art. 82.

## III. DIE PLEK VAN DIE GEMEENTE IN DIE PRAKTYK VAN DIE PRESBITE= RIALE KERKREGERING

Nadat ons prinsipieel die plek van die gemeente in die presbi= teriale kerkregering nagegaan het, kan ons verder aandag gee aan die toepassing van die beginsels in die praktiese kerkregering. Ons beperk ons daarin by drie hoofsake in die kerkregering: die ampte, die vergaderinge en die tug (in samehang met die sakramente).

### (a) Die gemeente en die aanwysing van ampsdraers.

Die Heilige Gees stel die ampsdraers aan (Hand. 20:28). Maar Hy doen dit deur die kerk. Die vraag is watter plek neem die gemeente in as middel waardeur die Gees werk om persone in die amp te stel.

#### (i) Die roeping.

Die vergadering van gelowiges op 'n bepaalde plek openbaar daar die liggaam van Christus. As liggaam van Christus moet die ge= meente tot volle dienswerk kom. Om die gelowiges tot die diens= werk toe te rus, het Christus die ampte ingestel en „gee" (Ef. 4:11) Hy die ampsdraers in die gemeente. So kom die liggaam tot volledige werking. Dit is sy organisasie.

As Hoof van die kerk bedien Christus Hom van die ampte „als zijne organen"[83] om deur hulle die kerk te bedien. Vir die diens roep Hy mense uit die kerk. „Waar van roeping sprake is, is altyd sprake van twee dinge: van wie roep en van wie geroep word, van gebod en gehoorsaamheid. En waar in die Skrif van roeping sprake is, is dit altyd God of Christus wat roep. God lê geheel en al en onvoorwaardelik beslag op die geroepene. .... Die roep van God in Christus is nie alleen bevelend en dwingend nie; dit is ook skenkend en skeppend .... Die roeping sluit so ook die bekwaam= making vir die amp deur die Heilige Gees in".[84] Roeping is die

---

83. Bouwman, H. : a.w., p. 330.
84. Van der Linde, G.P.L. : a.w., p. 43-45.

absolute voorwaarde vir die amp, want „niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word net soos Aäron"(Hebr. 5:4). Die roeping is ten eerste onmiddellik en inwendig deur die Heilige Gees. Maar „een gezant van Christus moet zijn lastbrief kunnen vertoonen en deze lastbrief is in den gewonen weg de hem onder Gods voorziening bestuur ten deel gevallen wettige kerklijke roeping".[85] Hierdie kerklike roeping is van Christus, maar middellik „met tussenkomst van de bediening van andere mensen, zoals die van Aaron geweest is".[86]

Met die roeping deur Christus van die ampsdraers as sy organe kom die ampte egter nie te staan „teenoor"[87] die gelowiges nie, en die ampsdraers „mag niet zijn eene hiërarchie, die staat boven de kerk, maar het komt op uit de gemeente zelve, d.i. uit de geloovigen die haar samenstellen".[88] Dit is organe wat die gemeente „bezit".[89] Die ampte is in die gemeente organe van Christus waardeur Hy die gemeente bedien én waardeur die gemeente funksioneer as liggaam van Christus. Die een sluit die ander nie uit nie, maar die organiese eenheid van Christus as Hoof en die kerk as sy liggaam sluit juis beide werkinge van die ampte in. „Indien er al sprake is van een tegenover dan is dat het tegenover van het Woord".[90] Die organiese Koningskap van Christus in die kerk sny aan die een kant elke amp-stand tussen Christus en die gelowiges af, en aan die ander kant bewaar dit vir eensydige verlegging van alle gesag in 'n volksoewereiniteit van die gemeente.

(ii) Die verkiesing.

Die uitwendige roeping tot die amp in die kerk het Christus as 'n kiesreg gelê „in handen van de kerk, en diensvolgens het volk

---

85. Bouwman, H. : a.w., p. 367.
86. Polyander, Johannes (e.a.) : Synopsis of overzicht van de zuiverste theologie; naar de zesde uitg. bezorgd en van voorrede voorzien door H. Bavinck; In de Nederlandse taal overgezet door Dirk van Dijk; Boersma, Enschede, Deel III, p. 117.
87. Van der Linde, G.P.L. : a.w., p. 52.
88. Bouwman, H. : a.w., p. 78.
89. Idem.
90. Van 't Spijker, W. : a.w., p. 438.

gemeen met de Ouderlingen".[91] Op organiese wyse oefen Christus as Hoof die roeping uit deur die gemeente onder leiding van die kerkraad, terwyl die lede van die kerkraad „in de gemeentevergadering dan ook als leden der gemeente"[92] stem.

Twee handelinge is hier onmisbaar: verkiesing deur stemming van die gemeente en die leiding van die kerkraad. „Deswege geschiede het verkiezen der Herders oudtijds door handopsteken (cheirotonia) en toejuiging (acclamatio) van het gehele volk, dat na het horen van de naam van de te verkiezen Herder, zijn stem die overeenkwam met de stem van het presbyterium met opgeheven handen aangaf, Hand. 14:23".[93] Dit is reeds die grondpatroon by die verkiesing van die sewe diakens deurdat die apostels „die menigte van die dissipels byeengeroep" het, „en hulle het gekies".[94] Wanneer Paulus aan Titus opdrag gee (Titus 1:5) om van stad tot stad ouderlinge aan te stel, gee hy nie aan Titus die reg om na eie goedvinde aan die gemeentes persone op te dring nie. Paulus het die reg nie eers vir homself aangematig nie (Hand. 14:23; 2 Kor. 8:19). Sy opdrag aan Titus beteken niks meer as dat hy die leiding moet neem en die vereistes vir die ouderlingamp moet stel (Titus 1:6-9) nie. Om te weet wie aan die vereistes voldoen, sou hy die medewerking van die gemeentes nie kon ontbeer nie.

Die praktyk is dan duidelik: selfs die apostels tree nie op as heersers oor die kudde nie, maar roep die gelowiges wat self die salwing van die Gees ontvang het in om uit te kyk na manne „vol van die Heilige Gees" (Hand. 6:3) en hulle te kies. Die taak van die kerkraad sal dan wees om leiding en inisiatief te neem en om die vereistes vir die ampte volgens die apostoliese woord aan die gemeente voor te hou om die gemeente „toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus" (Ef. 4:12). Alle hiërargie en alle volksoewereiniteit is uitgesluit.

---

91. Synopsis II, p. 122.
92. Bouwman, H. : a.w. deel II, p. 387.
93. Synopsis II, p. 122.
94. Handelinge 6:2,5.

Daarom is die verkiesing deur die gemeente nie 'n advies of 'n bykomstigheid nie. Die kerk is nie 'n republiek waarin die *potestas* berus by die volk en die *authoritas* uitgeoefen word deur die senaat nie. Die kerkraad sal die gemeente nie kan verbygaan nie, sodat „the church, the organized body of believers, acting as agents of Christ, either directly .... or indirectly .... make new appointments for the church concerned".[95] Die kerk=raad is ook nie amptenare in 'n koninkryk wat in naam van die koning reglemente uitvoer nie. Die kerk is 'n organisme waarin Christus as Hoof regeer en die kerkraad as orgaan die groei van die liggaam ondersteun sodat die „hele liggaam" funksioneer (Ef. 4:15,16).

Daarom kan verkiesing nie vervang word met approbasie nie. Approbasie is dan goedkeuring van die verkiesing deur die kerk=raad alleen. In dringende gevalle van nood sal dit wel nog aan die mondigheid van die gemeente 'n sekere mate van erkenning gee. Maar approbasie beklemtoon 'n ander aspek van die gemeen=te se deelname aan die kerkregering: dit berus op die reg van toesig en word uitgeoefen deur beswaar te maak; dit is dus 'n vorm van tughandeling, en dit kom elke lid van die gemeente toe, ook die dooplidmate. Daarom moet die name van verkose amps=draers aan die gemeente voorgelê word ter approbasie of goed=keuring afgesien van die verkiesing deur die gemeente.

---

95. Van Dellen, I. en Monsma, M. : The Church Order Commentary; Zondervan Publishing House, Grand Rapids third edition (1954), p. 102. Vgl. ook: Keet, B.B. : a.w., p. 43 : „In die Ned. Geref. Kerk kies die gekombineerde kerk=raadsvergadering, wat uit dienende en oud-kerkraadslede saamgestel is - hulle verteenwoordig die gemeente". Dit is willekeurige praktyk om die deelname van die gemeente met „oud-kerkraadslede" te vervang.

In die verkiesing sit egter die koninklike aktiwiteit van roeping. Dit word duidelik weergegee in die eerste vraag van die gerefor= meerde bevestigingsformulier: „.... of u in u hart gevoel dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self, tot hierdie heilige diens geroep is?".

Die formulering van arts. 4 en 5 van die Kerkorde van die Gerefor= meerde Kerk in Suid-Afrika[96)] doen tekort aan hierdie beginsel deur die plek van die gemeente by die verkiesing en beroeping van 'n predikant slegs te bepaal met: „volgens die reëling wat daar= voor plaaslik in gebruik is", terwyl uitdruklik bepaal word dat „die kerkraad en diakens .... die verkiesing" doen. Du Plessis[97)] maak die stelling: „die bedoeling is verkiesing deur die kerk= raad en die diakens met medewerking van die gemeente, 'n ken= merkende Gereformeerde beginsel". Die Kerkorde behoort uit= drukking te gee aan die Gereformeerde Belydenis: „ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en diakens vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die kerk".[98)] Die aktiewe deelname van die gemeente kan nie vervang word met „die reg om besware in te bring of stilswyend te approbeer"[99)] nie. Dit maak van die lewende liggaam van Christus „al meer de zwijgende figuur".[100)]

Deur sy verkiesing oefen die gemeente direkte invloed uit op die regering van die kerk. Daarom word die kiesreg beperk tot die be= lydende manslidmate van die gemeente. Stemreg impliseer verkies= baarheid tot die amp, en volgens I Kor. 11:3-16; 14:33-35 en I Tim. 2:11-15 is dit die vroue in die gemeente nie geoorloof om in die gemeente te leer of te regeer nie.

---

96. Handelinge Sinode 1964, a.w., p. 54.

97. Du Plessis, H.L.M. e.a. : Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika; Pro Rege-Pers, Potchef= stroom (1966), p. 58.

98. N.G.B. art. 31.

99. Keet, B.B. : a.w., p. 43.

100. Bouwman, H. : a.w., deel II, p. 385; Synopsis II, p. 123.

Die verkiesing deur die gemeente skakel ook sover moontlik uit dat iemand aan die gemeente opgedring word wat nie deur die ge= meente begeer word nie. Die leiding van die kerkraad skakel weer sover moontlik uit dat daar deur ligsinnigheid, partyskap of oproerigheid gesondig word.[101)]

(iii) Die bevestiging.

Die bevestiging noem Bouwman[102)] „het sluitstuk der beroeping". Dit stel die persoon in die amp as orgaan in die liggaam. Omdat die amp aan die plaaslike kerk verbonde is, moet dit in die midde van die gemeente geskied. „The ordination may be described as the solemn acceptance of the ministerial office on the part of the minister - elect, and the public uniting of the minister - elect to the calling congregation".[103)]

Die bevestiging geskied deur die kerkraad (I Tim. 4:14). Dit dra nie ampsgenade oor nie en skep geen instituut bo die gemeente nie. Ofskoon die roeping prinsipieel in die verkiesing en approbasie opgesluit lê, en 'n formele bevestiging nie in die Woord voorge= skryf is nie, vereis die goeie orde 'n „officiële indienststel= ling".[104)] Die bevestiger „handelt hierbij als vertegenwoordiger van de roepende kerk, die van Godswege de bevoegdheid bezit om het ambt op te leggen. Elke gedachte, alsof dienaren des woords als zodanig het recht zouden hebben tot de symbolische overdracht van het ambt, is onjuist".[105)] Tereg wys Bos verder die handoplegging deur meer predikante af as „bedenklijk",[106)] want dit skep die indruk van die oordra van ampsgenade. „Zoekt men meerdere plechtig= heid: laat dan de ganse ouderlingskap, de kerkeraad der roepende gemeente, nader treden en aan de handoplegging deelnemen".

---

101. Inst. IV, III, 15.
102. Bouwman, H. : a.w. deel II, p. 408.
103. Van Dellen en Monsma : a.w., p. 31.
104. Bos, F.L. : De Orde der Kerk; Uitgeverij Guido de Brez, 's Gravenhage (1950), p. 30.
105. Idem, p. 31.
106. Idem, p. 32.

(b) Gemeente en Kerkraadsvergadering.

(i) „Regeer" en „regeer word".

Die presbiteriale kerkregering gaan uit van die kerkraad as die regeerorgaan in die organisme van die kerk. Die kerkraad word daarmee nie oor of teenoor die gemeente gestel nie, sodat daar 'n verhouding van regeerders en ondergeskiktes ontstaan nie. Die kerkraad is nie „die regeerders en die gemeentelede die wat regeer word"[108] nie. So 'n skerp stelling van ondergeskiktheid ken die Nuwe Testament nie. In I Petrus 5:3 word dit juis afgewys. „In *katakurieuontes* the preposition gives the notion of hostility or oppression,but *kurieuoo* by itself denotes behaviour forbidden to a Christian pastor, Luke 22:25,26".[109] Christus alleen is die *kurios*; Hy alleen *kurieuein*. Dit is dus nie net die misbruik van heerskappy wat die ouderlinge belet word nie, „maar een rechtsbetrekking; en wel bepaaldelijk de betrekking tusschen een overheid en een onderdaan".[110] In die kerk „rust die heerschappij uitsluitend op de schouders van den Middelaar".[111] Hieruit volg „rechtstreeks, dat er in de kerk geen plaats is voor een ambt, dat door menschen bediend, een heerschappij over de kinderen Gods zou oprichten".[112] Die kerkraad as regeer= orgaan staan dus nie tussen die Hoof en sy liggaam nie, en die gemeente staan nie in 'n ondergeskiktheid teenoor die kerkraad nie. Die kerkraad is 'n orgaan in die liggaam waardeur die Hoof regstreeks werk sodat die orgaan die regering van die Hoof in die liggaam bedien; en die Hoof werk met die hele liggaam om sy diens te volbring. Die kerkraad moet dus nie eensydig net as orgaan van Christus wat oor die gemeente gestel is, gesien word nie; dit moet ook nie eensydig net as orgaan van die gemeente gesien word

---

108. Van der Linde, G.P.L. : a.w., p. 92.

109. Bigg, Charles : The International Critical Commentary; Epistles of St. Peter and St. Jude; T & T Clark, Edinburgh, second edition (1946).

110. Kuyper, A. : Van het Kerkelijk Ambt; Gereformeerde Stemmen, 2de Serie No. 1 (1898), p. 21.

111. Idem; Vgl. Jes. 9:5.

112. Idem, p. 19.

waardeur die gemeente funksioneer nie.[113] Die eersgenoemde beskouing lei tot hiërargie en die laasgenoemde lei tot independen= tisme. Die teëstelling word opgehef in die organisme van die kerk: die kerkraad is orgaan van Christus as lid in sy liggaam. So word die koningskap van Christus gehandhaaf én die gesag van die kerk= raad as bediening van sy koningswoord én die mondigheid van die gemeente, wat Kuyper[114] noem „den koninklijken stand", wat daarin bestaan „niemand dan God boven zich te hebben".

Om die gesagsverhouding duidelik in die praktyk toe te pas, gee ons vervolgens aandag aan die aandeel van die gemeente in die kerkraadsvergadering en die posisie van die kerkraad in 'n ge= meentevergadering.

(ii) Die gemeente en die kerkraadsvergadering.

Die eerste vraag om te beantwoord, is of die kerkraadsvergadering vir die gemeentelede oop of geslote is. Bouwman[115] verklaar dat 'n oop kerkraadsvergadering op „misverstand" berus. Sy beswaar is gegrond op „de aard van het werk der vergadering" omdat daar „zaken van intiemen aard" behandel word, naamlik „verslag van het huisbezoek, bespreking van den toestand der gemeente en hare leden, gevallen van tucht". Jansen[116] verklaar hom teen „vrije toegang" van gemeentelede op grond van dieselfde besware as Bouwman. Spoelstra[117] verklaar dat „kerkraadsvergaderinge en vergaderinge van die breë-kerkraad vertroulike vergaderinge is". Hy wys op die praktiese beswaar dat „gemeentelede wat kom en gaan 'n oordeel vorm terwyl hulle nie met die hele saak vertroud is nie". Hierdie praktiese beswaar kan maklik opgelos word deur die reg van toegang en uitgang te laat saamval met die opening en sluiting van die vergadering.

---

113. Van der Linde, G.P.L. : a.w., p. 88-90.
114. Kuyper, A. : Van het Kerkelijk Ambt; a.w., p. 19.
115. Bouwman, H. : a.w., deel II, p. 121/122.
116. Jansen, Joh. : Korte verklaring van de Kerkorde; derde ver= meerderde druk, Kok, Kampen (1952), p. 173.
117. Spoelstra, B., e.a. : Handleiding by die Kerkorde, a.w., p. 236.

Daar bestaan teen oop vergadering één algemene beswaar: die behandeling van vertroulike persoonlike en tugsake. Aangesien ons by die behandeling van die plek van die gemeente in die uitoefening van die tug hierop terugkom, gaan ons nie hier verder daarop in nie.

Vir alle ander sake behoort kerkraadsvergaderings oop te wees. Bos[118)] dui die regte weg aan: „Voor zover de handelingen van de kerkraad betrekking hebben op de geestelijke verzorging van de individuele leden der gemeente, dragen zij uiteraard een vertrouwelijk karakter, dat niemand mag skenden. In zaken van beheer en algemeen beleid is het wenselijk dat de kerkraad - ofschoon volkomen tot handelen bevoegd - de leden der gemeente zoveel mogelijk doet medeleven. Dit kan geschieden door het beleggen van zg. gemeentevergaderingen waarin de kerkraad aan de gemeente opening van zaken geeft of het recht van advies verleent, en door het toegankelijk stellen van brede kerk= raadsvergaderingen".

Omdat kerkregering uitgeoefen word deur die Koningswoord, mag die bedienaars daarvan nie aan die gemeente bevele oplê wat ongemotiveerd is nie. Ongemotiveerde kerkraadsbesluite is mensewoord. Die gemeente mag nie gekonfronteer word met die kerkraadswoord nie, maar alleen met die Koningswoord. Die kerkregering moet nie op die lidmaat die verantwoordelikheid laai om hul besluite te motiveer nie, maar moet as 'n bediening om die gelowiges toe te rus, die gronde vir besluite aandui. So word die mondigheid van die lidmate erken.

Greijdanus[119)] verklaar dat „de beraadslaging niet moet omgaan buiten de gemeente, maar voor haar front dient te geschieden, bepaald die betrekking heeft op de leer. Dan moet niet alles

---

118. Bos, F.L. : a.w., p. 150/151.

119. Greijdanus, S. : Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen; Enschede, p. 36.

omgaan buite de gemeente zoodat eindelijk uit de verborgenheid eener beraadslagende vergadering een besluit op de gemeente word gelegd, waarvan zij tevoren niets wist, en terwijl zij van de gansche zaak en hare bespreking tevoren geheel onkundig was gehouden".

(iii) Kerkraad en gemeentevergadering.

Monsma[120)] wys daarop dat die gemeentevergadering 'n welbekende instelling is in die Gereformeerde Kerke, wat hulle algemeen naas die kerkraad erken en inderdaad ook hou. „Nevertheless there is a lack of clarity as to the proper place for our con= gregational meetings in our Reformed church governmental system, and there is uncertainty as to the proper functioning of our congregational meetings". Monsma gee self dan die volgende definisie van 'n gemeentevergadering: „Congregational meetings are gatherings of believers, members of a specific local church, at which gatherings the consistory informs the congregation regarding matters of interest pertaining to the church and its activities, consults with the membership as to its opinion and preferences, and submits certain matters to a vote, such as the election of office-bearers, the purchase of properties, or the construction of buildings".[121)]

Die definisie van Jansen[122)] en Spoelstra[123)] dat dit openbare kerkraadsvergaderinge met die gemeente is, sluit streng gesproke stemreg vir die gemeente uit, want almal is nie lede van die kerkraad nie en kan nie deel in hulle regte nie.

'n Gemeentevergadering is 'n vergadering van die organisme van die kerk om onder die leiding van die kerkraad oor sake te handel wat die kerkraad voorlê. Beslissinge van 'n gemeentevergadering

120. Monsma, Martin : a.w., p. 9.

121. Idem, p. 13.

122. Jansen, Joh. : Korte Verklaring: a.w., p. 139.

123. Spoelstra, B. e.a. : a.w., p. 237.

is 'n regeerdaad kragtens die amp van die gelowiges. Hierby boet die kerkraad nie sy amptelike karakter in nie, aangesien die gemeentevergadering nie op eie inisiatief geskied nie, maar onder die leiding van die kerkraad. Die uitsondering is alleen wanneer die kerkraad hom losgemaak het van die Hoof van die kerk.[124) ] Wanneer daar dus botsing kom tussen die kerkraad en die gemeentevergadering, word dit nie beslis deur 'n verhouding van hoër gesag nie. Rutgers[125)] stel tereg: „De kerk is geen republiek, waarin tusschen de regenten en het volk over de gezag kan gestreden worden, maar zij is een koninkrijk, zelfs eene monarchie die zoo absoluut mogelijk is, met ene grondregeling die niet kan veranderd worden, en met Christus zelven als Koning. Wie dat koninklijk gezag niet erkent, en zich aan de Schrift dus niet gebonden acht, die hoort in de kerk niet thuis". Hy sê verder dat stryd ontstaan „uit een soort van hiërarchisch streven" by kerkrade, of „uit een soort revolutionair individualisme" by gemeentelede. Daarom sal wesentlik die gesag berus by „wie alsdan inderdaad aan hun Koning getrouw zijn". En hieroor beslis alleen die Koning self.

In sover die botsing 'n kerkregtelike beslissing verg, moet saam met Bavinck[126)] verklaar word dat die mag „finalitêr" by die gemeente as organisme berus, en dus is die besluit van 'n gemeentevergadering beslissend.

Ons gaan hier nie in op die reg van appèl nie.

(c) Die gemeente en die uitoefening van die tug.

Die gesag in die kerkregering is die bediening van die Woord. Die mag in die kerkregering is die uitoefening van die tug.

---

124. N.G.B. art. 28.

125. Rutgers, F.L. : De beteekenis der gemeenteleden als zoodanig; Van Schaïk, Amsterdam (1906); p. 26.

126. Bavinck, H. : a.w., deel IV, p. 413.

Aangesien die aandeel van die gemeente in die kerkregering met betrekking tot die sakramente, die openbare geloofsbelydenis en attestasies ten nouste saamhang met die tug, behandel ons dit saam.

In die vorige paragraaf het ons reeds gestel dat daar één be= perking is op oop kerkraadsvergaderings: die behandeling van vertroulike persoonlike tugsake. Dit beteken nie dat die ge= meente uitgesluit word van deelname in die tughandeling nie.

(i) Die gemeente en die toesig oor die sakramente.

Bouwman[127)] verklaar dat in die Doopsformulier aan die woord is „niet een of andere leeraar, niet een groep menschen, maar de gemeente van Christus, de vergadering van geloovigen", terwyl die plaaslike kerk die doop bedien representerende die ekumeniese kerk.[128)] En die kind wat gedoop word, ontvang die sakrament as lidmaat van die gemeente. Hy word nie lidmaat later deur die openbare geloofsbelydenis nie, maar is as verbondskind lidmaat en behoort daarom gedoop te wees. Hierop berus die tug oor dooplidmate in die gemeente.

Ná die openbare belydenis van die geloof word die lidmaat aan= gedui as belydende lidmaat, en het hy toegang tot die sakrament van die nagmaal. Hierdie belydenis van geloof is „in den diepste grond een beämen van de leer",[129)] of die belydenis, van die kerk. Daarom geskied die openbare geloofsbelydenis voor die gemeente. Die gemeente moet oordeel en die wag, saam met die kerkraad, betrek by die nagmaal. Want Christus het die nag= maal alleen vir die gelowiges ingestel. En by die nagmaal is die eenheid van die kerk as liggaam van Christus ten nouste be= trokke (I Kor. 10:16,17).

Attestasies staan in onmiddellike verband met toelating tot die

127. Bouwman, H. : a.w. deel II, p. 248.
128. Snyman, W.J. : a.w., p. 9.
129. Bouwman, H. : a.w. deel II, p. 368.

nagmaal en dus met opname in die eenheid van die gemeente. Sonder hierdie getuienis dat iemand reeds 'n lewende en belydende lidmaat van die liggaam van Christus is, kan toegang tot die sakrament en lidmaatskap in 'n ander gemeente alleen verkry word deur openbare geloofsbelydenis as bewys dat die Heilige Gees die persoon deur die ware geloof in Christus ingelyf het.[130)]

Daarom moet die name van persone wat geloofsbelydenis wil aflê, en attestasies wat aangevra word, vooraf aan die gemeente bekend gemaak word. Die gemeente moet mede daaroor oordeel.

Konsekwent volgens sy beskouing dat die kerkraad oor die gemeentelede regeer, verklaar Van der Linde:[131)] „Gewoonlik word die deelname van die gemeente aan die kerkregering gesien veral in die bekendstellings, soos in die geval van afsnyding, attestasies en so meer. Daardeur sou die approbasie van die gemeente gevra word. Maar al is dit so dat die approbasie van die gemeente verkry word, is dit tog nie die doel van die bekendstellings om dit te vra nie. Met die bekendstellings doen die ampsdraers 'n daad van regering". Hy verklaar verder dat aan die gemeente net „gesê" word dát iets gebeur het; dus is dit 'n blote kennisgewing. En „die approbasie van die gemeente is niks anders as 'n erkenning van die wettige regering deur die ampsdraers nie". Die mondigheid van die gemeente word in hierdie standpunt nie genoegsaam in rekening gebring nie.

Lynreg teenoor die standpunt van Van der Linde staan dan ook die standpunt van Bouwman,[132)] waarin die skriftuurlike plek van die gemeente weergegee word: „De kerkeraad geeft echter geen attestasie af buiten de gemeente om. Dit staat wel niet met zoovele woorden in de Kerkorde uitgedrukt, maar ligt in het wezen en den aard der Gereformeerde Kerkregering, die uitgaat van deze gedachte dat de eigenlijke kerkelijke macht ligt bij de gemeente". Daarom

---

130. Heidelbergse Kategismus, Sondag 7.
131. Van der Linde, G.P.L. : a.w., p. 93.
132. Bouwman, H. : a.w. deel II, p. 452.

ag Bouwman die afkondiginge „volstrekt niet een blote vorm, maar wel degelijk een voorstellen aan de gemeente ter beoordeling". In die kollegialistiese Reglement van 1816, waar die tug verword het tot „eene rechterlijke bestuurshandeling",[133)] gaan die tug buite die gemeente om. En so word dit tans nog in die Neder= landse Hervormde Kerk gehandhaaf.[134)]

(ii) Gemeente en die onderlinge broederlike tug.

In die Roomse Kerk was die onderlinge tug tussen die gelowiges onbekend. Calvyn het egter juis daarin die eerste fondament van die tug gesien.[135)] Plomp[136)] vat die standpunt van Calvyn saam: „Dit vermaan moet uitgaan van iedereen als de omstandig= heden daartoe aanleiding geven. Hoe noodzakelijk is het, dat er onder de gelovigen vrijheid bestaat elkaar te vermanen! Ieder van ons schiet dagelijks tekort; het zou meer dan wreed zijn door te zwijgen en te doen alsof wij niets weten, verraad te plegen aan het heil van hen die wij door een vriendelijke berisping aan het verderf zouden kunnen ontrukken".

Die onderlinge tug berus op die bevel van Christus in Matt. 18:15,16. Jesus spreek hier van die persoonlike verhouding in die gemeente („jou broeder"). Die doel moet nie persoonlike satisfaksie wees nie, maar om die broeder te „win" vir Christus.[137)] Volgens Grosheide[138)] hoort die woorde „teen jou" (vs. 15) nie in die teks nie. Dan verwys Jesus nie besonderlik na geheime sondes nie. Sy bevel is dan 'n algemene opdrag tot onderlinge tug. Die algemene opdrag kom ook voor in Lev. 19:17 (waaraan Jesus se woord herinner), Hebr. 10:24 en Jak. 5:19 en 20.

---

133. Idem, p. 598.

134. Vgl. Kerkorde der Nederlandse Herv. Kerk, a.w., Ordinantie voor het opzicht, p. 153.

135. Inst. IV, III, 2.

136. Plomp, J. : De Kerkelijke Tucht by Calvyn; Kok, Kampen (1969), p. 101.

137. Grosheide, F.W. : Commentaar op het Nieuwe Testament: Mattheüs, Kok, Kampen (1954), p. 282.

138. Idem.

Jakobus wend hom aan die einde van sy brief tot die „broeders", en laat in 'n algemene uitspraak sien wat in die gemeente bereik word as die onderlinge liefde werk soos dit behoort te werk. Dan word die lidmaat wat „niet alleen van de ware leer, maar ook van den waren wandel"[139] afgedwaal het, tot bekering gedring. So word „'n menigte sondes bedek". Hiervan sê Grosheide: „Wie over de zonden van een ander een deksel brengt, maakt, dat ze niet meer gezien worden, en dus niet meer gerekend worden. En als de zonden niet meer gerekend worden, is er geen straf meer. De voorstelling is zeer plastisch. De zondaar keert op zijn dwaalweg om en op dat keerpunt komt een kalumma, zodat heel de dwaalweg verborgen wordt".[140]

(iii) Gemeente en die dissiplinêre tugoefening.

Omdat die ampsdraers geen heersende, maar 'n bedienende mag het, word die tug deur die kerkraad uitgeoefen, „maar niet op eigen gelegenheid, doch met medeweten en instemming van de gemeente, die er als getuige op moet toezien, dat niet door een paar mensen in willekeur wordt gehandeld".[141]

Die Skrif spreek hieroor duidelik. Eerstens in Matt. 16:19. Hier gaan dit om die *ecclesia universalis*.[142] En die „sleutels van die hemelryk" sien hier op die apostoliese woord wat bindend gemaak word,[143] soos dit vasgelê is in die Heilige Skrif.

In Matt. 18:17 gaan die tug, by verharding van die sondaar, oor in die hande van „die gemeente". Dit is die georganiseerde ge= meente met sy ampsdraers. Die kerkraad kan in die uitoefening van die tug dus nie losgemaak word van die gemeente of daarbo verhef word nie. „Deze opdracht brengt mee, dat de kerkeraad zich bewust moet zijn, enkel orgaan te zijn, en nooit hiërarchisch

---

139. Grosheide, F.W. : a.w., Jacobus (1955), p. 416.
140. Idem.
141. Plomp, J. : a.w., p. 89.
142. Snyman, W.J. : a.w., p. 13.
143. Idem, p. 11.

mag optreden, .... maar steeds moet de kerkeraad in onderworpen= heid aan Gods Woord letten op het oordeel der geloovigen".[144)]

Die apostel Paulus het in die kerklike tug van die gemeente ook 'n „kerk-ordelijk of kerk-rechtelijk optreden"[145)] geverg. In 2 Thess. 3:6 en 14 gee hy aan die gemeente opdrag om iemand wat hom onordelik gedra, te „teken". Dit verwys na 'n „binnen-gemeentelijke maatregel, waardoor het normale verkeer met de zondaar werden gestaakt en hom op deze wijze de onaanvaarbaar= heid van zijn gedrag duidelijk werd gemaakt, maar hem toch de broederlijke vermaning niet werd onthouden".[146)] Ridderbos ver= klaar dan dat hieruit blyk „hoezeer hij aan de door hem gegeven voorschriften niet slechts een ethische of medische maar ook kerkrechtelijke betekenis toegekend wil sien".[147)]

Skerper en duideliker word in I Kor. 5:5 die dissiplinêre uit= banning as 'n daad van die gemeente geëis. „De gemeente moet zich, wanneer zij in de naam van Christus is vergaderd, vgl. Matt. 18:20, de voltrekster weten van de volmacht des Heren om de zondaar uit Christus' heilrijke heerschappij over te geven aan het machtsgebied van de satan, vgl. Gal. 1:4; Kol. 1:13".[148)]

Die afkondiginge van die tug in die gemeente geskied met die doel dat hy deur die gemeente met christelike vermaninge en gebede tot bekering gebring sal word.[149)] Die tug gaan dus nie voort sonder die medewerking van die gemeente nie; en die afkon= diginge word nie net gedoen om die gemeente kennis te gee wat die kerkraad gedoen het nie. Selfs die afsnyding gaan nie buite die gemeente se medewerking om nie. Dit is die organisme van die gemeente as lewende liggaam van Christus, die *argê*, wat elke

---

144. Bouwman, H. : a.w. deel II, p. 610/611.
145. Ridderbos, H. : Paulus, a.w., p. 525.
146. Idem.
147. Idem, p. 526.
148. Idem.
149. Formulier van die ban of afsnyding van die gemeente; Afrikaanse Psalmboek, p. 140.

vreemde lid uitwerp wat Hom ontheilig. Dit is nie 'n daad wat die kerkraad maar alleen bestuursmatig verrig en waarvan die gemeente maar net „gesê" word nie.

Die presbiteriale kerkregering moet die heiliges toerus vir hulle dienswerk. Ook in die tughandeling moet die kerkraad die gemeente laat werk en nie oor hom heers nie. Daarom sal die vergaderinge waar die tughandelinge nog oorweeg word, wel ge=slote moet wees om die sonde nie onnodig rugbaar te maak of onnodig die goeie naam van 'n gelowige te besmet nie. Maar as die sonde en die hardnekkigheid die heiligheid van die liggaam van Christus besoedel, dan moet die liggaam tot organiese aksie gebring word: „sê dit aan die gemeente" (Matt. 18:17); en vir die gemeente moet hy wees soos 'n heiden en 'n tollenaar.

## IV. SLOT.

Die plek van die gemeente in die presbiteriale kerkregering is tegelykertyd dié van objek en subjek.

Dit word deur Jesus Christus, as die enigste Hoof en die Begin van die gemeente as sy liggaam, gerealiseer. Hy doen dit sonder enige tussenkoms van mense tussen Hom en die gemeente. Deur sy Woord en Gees regeer Hy in die gemeente sodat die gemeente die subjek is van sy volmagte en opdragte. Vanweë die onvoltooide opgroei in Hom van die gemeente doen Hy dit ook met sy Woord en Gees deur die bediening van die kerkraad. Omdat die gemeente en die kerkraad één organisme is wat uit één Hoof groei en as één liggaam onder sy regering as enigste heerskappy staan, is daar in die presbiteriale kerkregering geen spanning tussen hulle nie: die gemeente funksioneer onder die leiding van die kerkraad, en die kerkraad funksioneer nie sonder die medewerking van die ge=meente nie.

Die presbiteriale kerkregering is die bediening van één heer=skappy van één Hoof in één liggaam.

# ABSTRACT

As the one and only Head of the church Christ reigns in the fullest sense of the word through the Holy Spirit and the Holy Word in a local *ekklêsia* (congregation or church) as a visible manifestation of the universal *ekklêsia*, which is His body.

In order to exercise the authority by His Holy Word He appoints, through the Holy Spirit, the *presbyterium* or church council within a local church. This ministration is served to the faithful who, after the day of Pentacost, has come of age as a royal priesthood by the anointment with the Holy Spirit.

In the presbyterial system of church government the congregation is in no wise subordinate to the church council in a hierarchical sense, because the congregation, including the church council, constitutes a single body with Christ as the Head. Nor is the church council subordinate to the congregation in a democratic sense. The congregation operates under the ministry of the church council, while the church council, in its turn, does not act without the collaboration of the congregation.

The collaboration of the congregation, under the guidance and direction of the church council, consists in the election and approbation of the office-bearers, the judgement of resolutions taken by the church council, the approval of the granted permission to partake of the sacraments, the partaking in the exercise of church discipline and the taking of decisions on matters which are not directly specified in the Holy Scriptures.

# L I T E R A T U U R


1. Bavinck, H. : Gereformeerde dogmatiek, tweede herziene en vermeerde druk, deel II, Kok, Kampen (1911).

2. Biesterveld, P. en Kuyper, H.H. : Kerkelijk Handboekje J.H. Bos, Kampen (1905).

3. Bos, F.L. : De Orde der Kerk; Uitgeverij Guido de Brez, 's Gravenhage (1950).

4. Bouwman, H. : Gereformeerd Kerkrecht, twee dele; Kok, Kampen (1928).

5. Bronkhorst, A.J. : Schrift en Kerkorde: Boek en Handels= drukkerij, Den Haag (1947).

6. Calvyn, J. : Institusie of onderwijzing in de Christelijke Godsdienst. Uit het Latyn vertaald door A. Sizoo, 3 dele, tweede druk; Delft.

7. Du Plessis, H.L.M., Spoelstra, B. e.a., : Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika; Pro Rege-Pers, Potchefstroom (1966).

8. Duvenage, A. : J. Calvyn: Institusie; of onderwysing in die Christelike Godsdiens. Opnuut in Afrikaans vertaal en verkort weergegee deur A. Duvenage; Pro Rege-Pers, Potchefstroom (1967).

9. Feenstra, J.G. : Onze Geloofsbelijdenis, 2de druk; Kok, Kampen (1947).

10. Godet, F. : Commentaar op Paulus eerste brief aan de Corinthiërs: uit het Frans vertaal door dr. G. Keizer; Kok, Kampen (1904).

11. Greijdanus, S. : Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen; Enschede.

12. Grosheide, F.W. : Commentaar op het Nieuwe Testament: Kok, Kampen:

    De Brief aan de Efeziërs (1960)
    De Eerste Brief aan de Kerk te Korinthe (1957)
    Mattheüs (1954)
    Jakobus (1955).

13. Haitjema, Th. L. : Nederlands Hervormd Kerkrecht, C.F. Callenbach, Nijkerk (1951).

14. Handelinge van die vyf-en-dertigste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1964).

15. Honig, A.G. : Handboek van de Gereformeerde dogmatiek; Kok, Kampen (1938).

16. Hovius, J. e.a. : Woord en Kerk; Kok, Kampen (1970).

17. Hovius, J. : Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde, Weissenbach & Zoon, Sneek (1962).

18. Jansen, Joh. : De Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland, deel I : Van de Diensten; Nijverdal (1917).
Korte verklaring van de Kerkorde; derde vermeerderde druk; Kok, Kampen (1952).

19. Keet, B.B. : Orde in die Kerk; N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad (1963).

20. Kuyper, A. : Dictaten dogmatiek; Locus de Ecclesia; Kok, Kampen (1910).
Van het Kerkelijk Ambt; Gereformeerde Stemmen, 2de Serie No. 1 (1898).

21. Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk, losbandige uit=gawe; Boekencentrum, 's Gravenhage (1959).

22. Monsma, Martin : The Congregational Meeting; Baker Book House, Grand Rapids (1958).

23. Plomp, J. : Presbyteriaal - Episcopaal?; Kok, Kampen (1969). De Kerkelijke Tucht by Calvyn; Kok, Kampen (1969).

24. Polman, A.D.R. : Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis, vier dele; Wever, Franeker (s.j.).

25. Ridderbos, H. : Paulus; Kok, Kampen (1966). Artikel in Gereformeerde Weekblad 13.8.54.

26. Richel, P.J. : Het Kerkbegrip van Calvijn; Utrecht (1942).

27. Rutgers, F.L. : De Geldigheid van de oude Kerkenordeningen der Nederlandsche Gereformeerde Kerken; Amsterdam (1890). De beteekenis der gemeenteleden als zoodanig; Van Schaïk, Amsterdam (1906).

28. Schweizer, Eduard : The Church Order in the New Testament; S.C.M. Press, Chatham (1961), uit Duits vertaal deur Frank Clark.

29. Snyman, W.J. : Die gebruik van die Woord „Kerk" in die Nuwe Testament; Die Westelike Stem, Potchefstroom (1949). Romeine : Bybel met Verklarende Aantekeninge; Verenigde Protestantse Uitgewers, Kaapstad (1959). Artikel in Die Kerkblad 20.7.66.

30. <u>Schokking, H.</u> : De Leertucht in de Gereformeerde Kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620; Amsterdam (1920).

31. <u>Polyander, J.</u> e.a. : Synopsis; of, overzicht van de zuiwerste theologie, samengevat in twee en vijftig verhandelingen, en beschreven door Johannes Polyander, Andreas Rivetus en Antonius Walaeus (e.a.). Naar de Zesde uitg. bezorgd en van voorrede voorzien door H. Bavinck. In de Neder=landse taal overgezet door Dirk van Dijk; Boersma, Enschede (1964).

32. <u>Van Dellen, I.</u> en <u>Monsma, M.</u> : The Church Order Commentary; Zondervan Publishing House, Grand Rapids, third edition (1954).

33. <u>Van der Linde, G.P.L.</u> : Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel; Pro Rege-Pers, Potchefstroom (1965).

34. <u>Van 't Spijker</u> : De Ambten by Martin Bucer: Kok, Kampen (1969).

35. <u>Wagenaar, L.H.</u> : Het ambt aller geloovigen: A. Jong=bloed, Leeuwarden (ongedateerd).